

Donderdag 5 Oktober

Skrifgedeelte: Johannes 1:1-18

Fokusgedeelte: Johannes 1:16

'n Oorvloed van genade op genade, sonder ophou!

Kan jy en ek met ons beperkte verstand en insig ooit verstaan wat volheid en oorvloed werklik beteken? Ons kan iets van hierdie oorvloed probeer uitdruk met die metafoor van 'n opborrelende fontein. Dit hou net aan en aan! Die een stroom bou op die volgende. Sonder einde stroom die oorvloed van God se genade na ons: genade op genade, seëning op seëning, gawe op gawe, geskenk op geskenk!

God gee al hierdie beloftes en gawes aan ons. Hy laat ons elkeen daarin deel. Elkeen kry sy afgemete aandeel sonder enige verdienste. Nie eie inspanning of kragte nie. Aan ons gegee en verskaf! Alles genadegawes van geloof, versoening, vergifnis en nuwe lewe wat na ons aangestroom kom!

Dit alles is net moontlik deur God se eniggebore Seun, Jesus Christus. Die enigste Seun wat die mees intieme plek by die Vader kom inneem het. Niemand kon daar kom nie, nie Moses nie, ook nie die geliefde dissipel Johannes nie.

Tog bring Jesus Christus vir ons, brose en gebroke mense, by God uit. Wat 'n oorvloed en luuksheid: Deur Hom, wat God vir ons deur sy Woord en Gees kom wys en verduidelik, kom ons nou self by God! Dit alles omdat Hy eers by ons kom tent opslaan het, by ons kom bly het.

Weet jy dit? Ervaar jy hierdie rykdom, nie net wanneer jy die tekens van brood en wyn by die Nagmaal eet en drink nie, maar elke dag wanneer jy hierdie Here met al sy beloftes jou eie maak?

Sing: Psalm 112-2:1

Ds. SFF (Steve) van der Walt (Kathu/Olifantshoek)